

6 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:8

God is liefde

Hierdie woorde van die Bybel is deur die jare al verskriklik verdraai. Baie mense verdraai dit tot: die liefde is God. Die liefde tussen mense word verhef tot 'n soort godheid. Die liefde wat eerste tot God moet wees, en waaruit die naasteliefde moet voortvloei, speel tweede viool.

Sommige gelowiges plaas weer 'n eensydige klem op hierdie woorde asof God net liefde is. Daarmee word 'n beeld geskep van 'n sentimentele God wat altyd net saggies en teer is. Hy het selfs soveel liefde dat Hy nie die sondaarmens straf nie! Van 'n heilige en regverdige God wat Hom oor die sonde vertoorn, wil hulle niks weet nie. In hierdie selfde gedeelte lees ons in verse 17 en 18 van die dag van God se regverdige oordeel en straf.

Wat beteken dit dan as ons hier lees dat God liefde is? Die Heilige Gees wil dat ek met hierdie woorde geloofsekerheid sal kry. God is die fontein van alle liefde. Die allesoorweldigende liefde van God het op die aarde sigbaar geword. God het sy enigste Seun na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê (vs 9). Die hoogste bewys daarvan dat God liefde is, is dat Hy sy Seun na die wêreld vir ons versoening gestuur het (vs 10).

Hoe weet ek dat God ook my liefhet? Daar kan geen ander heerliker liefdesbewys wees as dat Hy ons sy eie Gees gegee het nie (vs 12, 13). Ek kan seker wees dat ek sy Gees ontvang het as ek Jesus bely en sy liefde in die wêreld uitleef.

Sing: Psalm 66:8 (1936)

Ds P van Wyk (Bronkhorstspuit)